



GLORIA BOTHA SKOOL

Vir kinders met intellektuele gestremdhede



Saratoga Cres 2 Saratoga Cress

Tel: 021 – 851 2156

Somerset Wes/West

7130

Email/Epos: gloriabothaskool@gmail.com

Geskiedenis

Die skool is in 1990 gestig deur 'n paar ondernemende ouers uit die Helderbergkom. Die skool in die Strand het begin as 'n sateliet van die Cherè Botha Sentrum in Bellville. Laasgenoemde skool is gestig deur me Gloria Botha na die geboorte van haar dogtertjie, Cherè, wat Downsindroom gehad het. Alhoewel Cherè ongelukkig jonk oorlede is, het die sentrum ontwikkel as moederskool van 'n paar ander skole in die Boland en elders. Nadat die sentrum 'n staatsondersteunende skool geword het, het die skool in die Strand se naam verander na Gloria Botha Skool.

Toelatingsvereistes

Alle kinders met ontwikkelingsagterstande en intellektuele gestremdhede wat baat sal vind by die program wat die skool aanbied, kan aansoek doen by die skool. Dit sluit ongelukkig nie fisiese gestremdhede in nie. Daar word verwag dat kinders deur 'n sielkundige geëvalueer sal word. Daar word ook verwag dat ouers 'n onderhoud met 'n lid van die bestuur sal hê aangaande die finansiële regulasies van die skool. Kinders kan die skool bywoon vanaf 4-jarige ouderdom (mits hulle van die doek af is) tot die einde van die jaar waarin hulle 18 word.

Leerplan

Die kurrikulum van die Wes-Kaap se Onderwysdepartement word gedeeltelik gevolg. Dit sluit die ontwikkeling van groot motoriese vaardighede, kognitiewe kennis, spraak, sosiale- en selfhelpvaardighede in. Daar word veral op die volgende gefokus: Taal (lees, skryf, begrip), Wiskunde (basiese bewerkings), Lewensvaardighede, Bak en brou, Musiek, Kunsaktiwiteite en Liggaamlike ontwikkeling

Alle kinders word in Junie en November geëvalueer. Rapporte word dan huistoe gestuur en ouers kan afsprake maak met die betrokke onderwyseres om die kind se vordering te bespreek.

Buitemuurse aktiwiteite

Die volgende buitemuurse aktiwiteite word gratis tydens skoolure vir verskillende groepe aangebied: perdry en atletiek. Rekenaarklasse en netbalvaardighede word teen 'n addisionele koste by die skool tydens skoolure aangebied. Arbeids- en Spraakterapie kan gereël word teen 'n addisionele koste.

Finansies

Die Gloria Botha Skool is 'n privaatskool en daarom is die stiptelike betaling van die skoolfooi uiters noodsaaklik. Die skoolfooi is betaalbaar per debietorder. Die maandelikse fooi vir 2020 is **R1 980** en dit is betaalbaar vir **11 maande** van die jaar. Hierdie fooi styg jaarliks om tred te hou met inflasie. Indien die skoolfonds nie betaal word nie, behou die skool die reg om die leerder die skool te verbied. Daar word gepoog om jaarliks fondsinsamelingsprojekte te hou: onder andere 'n dans in die Strand Stadsaal asook 'n Gholfdag. Aangesien die skool so klein is, is dit elke ouer se plig om aktief betrokke te wees by alle fondsinsamelingspogings om sodoende die voortbestaan van die skool te verseker.

Bestuur van die skool

Die skool word bestuur deur 'n beheerliggaam, saamgestel uit 'n voorsitter, tesourier, addisionele lede en 'n skoolvertegenwoordiger. Die bestuur word jaarliks op die Algemene Jaarvergadering, gehou in die derde kwartaal, vanuit die ouerkorps gekies.

Skooldrag

Skoolklere is verkrygbaar by Sandra Smith : 083 450 4584 of 021-853 3853.

Winterdrag: skool sweetpak, rooi gholfhempie met lang moue en tekkies

Somerdrag: Quantex donkerblou kortbroek, rooi kortmou gholfhemp, tekkies of kaalvoet

Sorg asseblief dat alle klere duidelik gemerk is. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongemerkte kledingstukke nie.

Skooltye

Maandae tot Donderdae: 08:00 – 13:00

Vrydae: 08:00 – 12:00

Daar is soggens vanaf 7:15 'n onderwyseres aan diens en die hek sluit om 8:00. Die skool beskik nie oor nasorgfasiliteite of vervoer na en van die huis af nie. Leerders moet asseblief soggens betyds skool toe gebring word en smiddae stiptelik afgehaal word.

Pouse is 'n halfuur, waartydens daar geleentheid is vir die leerders om lekkernye by die snoepie te koop.

Die skool sluit op die laaste dag van elke kwartaal om 10:00 en kinders mag dan gewone klere aantrek. Die skool volg die kalender van die Onderwysdepartement van die Wes-Kaap.

Snoepie

Die skool se snoepie is elke pouse oop. Die hoofdoel van die snoepie is om die leerders die geleentheid te gee om monetêre vaardighede aan te leer. Pryse wissel vanaf R2 tot R14.

Vrydag: “bakker-dag”

Elke leerder kry op 'n Vrydag die geleentheid om kos te 'verkoop'. Ons versoek dat u asseblief kos stuur en nie soetgoed nie, want die meeste leerders bring glad nie kos op 'n Vrydag nie. Voorbeelde van kos wat 'verkoop' word: 'hotdogs', broodjies en pasteie. Elke leerder in die klas betaal dan R8 vir die kos. Hierdie geld dra by tot die klasfonds, wat aan die einde van die jaar gebruik word om die klas 'n bietjie te bederf. Die betrokke personeelid van die klas sal aan die begin van elke kwartaal aandui watter leerder verantwoordelik is vir die Vrydag-verkope.

Boodskapboek

Elke leerder kry 'n boodskapboek waarin boodskappe tussen die huis en die skool gestuur kan word. Alle nuusbriewe word ook in die boodskapboek geplak. Die boek is die skakel tussen ouers en onderwysers en moet asseblief elke dag gelees en geteken word.

Dokumentasie

Afskrifte van die volgende dokumente moet die aansoekvorm vergesel:

- leerder se kliniekaart
- leerder se geboortesertifikaat
- ouers se identiteitsdokumente
- sielkundige verslae
- verslae/ rapport van vorige skool



Alle persone met intellektuele gestremdhede is uniek. Hulle ervaar dieselfde emosies as ander. Soos alle kinders, sal 'n intellektueel-gestremde kind met die regte opleiding, liefde en ondersteuning, kan ontwikkel in 'n individu wat 'n selfstandige lewe kan lei, met verskillende grade van toesig. Die personeel van Gloria Botha Skool wil graag elke kind se potensiaal ten volle ontwikkel, ten einde hulle gelukkige, produktiewe burgers van ons land te maak.

“The Lord gave me life

To live and embrace

I'll do it as you do

But at my own pace!”